higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N50**(A)**(J1)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

BESTUURSKOMMUNIKASIE N4
(Eerste Vraestel)

(5140254)

1 Junie 2018 (X-Vraestel)
9:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

TWEE woordeboeke en TWEE addisionele verwysingsbronne mag gebruik word.

GEEN elektroniese woordeboeke mag gebruik word nie.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye en 1 bylae.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BESTUURSKOMMUNIKASIE N4
(Eerste Vraestel)
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke antwoord op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AGTERGROND

Jy is die persoonlike assistent van mnr. Johan Bothma, besturende direkteur by die maatskappy KOS VIR AFRIKA (KVA), wat blikkieskos, nie-bederfbare kos en bevrore kos in groot maat aan die publiek verskaf.

Die direksie van KVA besluit om 'n uitreikaksie aan te pak vir die WOMAN OF WORTH-projek (sien aangehegte BYLAE).

ADRES: KVA
Posbus 772
KAAPSTAD
4001

TELEFOONNOMMER: (021) 911 2547
FAKS: (021) 911 2548
EPOS: kosvirafrika@wow.co.za

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: PRÉCIS

Lees die berig op die aangehegte BYLAE: **PROJEK TEIKEN TB, MIV ONDER TIENERS OP KAAPSE VLAKTE**

Som die inligting op in EEN paragraaf in nie meer as 100 woorde nie. Gee jou eie opskrif en dui die aantal woorde tussen hakies aan.

INHOUD	UITLEG	TAAL/STYL
13	3	4

[20]

VRAAG 2: KENNISGEWING EN AGENDA

Die direksie van KVA het besluit om op 16 Maart 'n uitreikaksie by hulle fabriek te hou waartydens hulle kos teen halfprys gaan verkoop. Die opbrengs gaan 'n skenking wees aan die WOMAN of WORTH-projek (sien aangehegte BYLAE).

Mnr. Johan Bothma versoek jou om 'n kennisgewing en agenda van 'n spesiale vergadering aan die werknemers van KVA te stuur. Die spesiale vergadering word belê vir 10 Junie 2017 om 14:30 in die ouditorium. Die doel is om die projek te bespreek.

Skryf die kennisgewing en agenda vir die spesiale vergadering.

INHOUD	UITLEG	TAAL/STYL
6	5	4

[15]

VRAAG 3: NAVRAAGBRIEF

Jy kry positiewe reaksie nadat jy inligting oor die beplande uitreikprojek op die Internet geplaas het. Op 16 Junie 2017 kontak me. T Terblanche, die bemarkingsbestuurder by die hoofkantoor van Coca-Cola in Kaapstad, jou. Die maatskappy onderneem om 10 000 blikkies Coca-Cola te borg vir die geleentheid. Me. Terblanche volg haar telefoonoproep op met 'n navraagbrief om goedkeuring te kry vir hulle betrokkenheid by die projek. Coca-Cola benodig ook meer inligting oor die projek. Skryf die navraagbrief wat Coca-Cola aan jou organisasie gestuur het.

INHOUD	UITLEG	TAAL/STYL
10	5	5

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4: SIERADVERTENSIE

Ontwerp 'n A4-grootte sieradvertensie vir kennisgewingborde waarin HALFPRYSDAG, die fondsinsameling vir die uitreikprojek deur KVA, geadverteer word.

Noem Coca-Cola se borgskap, datum, tyd en plek, en dat daar vir elke R50,00 wat spandeer word, 'n gratis blikkie Coca-Cola ingesluit is.

Noem vervolgens die produkte wat teen halfprys verkoop word:

- Nie-bederfbare kos soos suiker, mieliemeel en koffie
- Blikkieskos
- Lekkers
- Koekies en beskuitjies

Noem verder die twee spesiale kontanttrekkings van R500,00 elk wat sal plaasvind. Onthou om die ABBA-beginsel toe te pas.

INHOUD	UITLEG	TAAL/STYL
10	7	3

[20]

VRAAG 5: VORDERINGSVERSLAG

Goeie vordering word gemaak met die reëlings vir die halfprysverkoping. Bemarking word in die media gedoen en die span is besig met die ontwerp van die strooibiljette.

Johan Bothma vra jou om 'n vorderingsverslag op te stel wat hy op 5 Oktober aan me. Onwaba Vena, voorsitter van WOMAN OF WORTH, moet voorlê. Gebruik inligting uit VRAAG 2, 3 en 4 as agtergrond. Die personeel is tans nog besig met twee onafgehandelde take. Gebruik onderstaande inligting en stel 'n vorderingsverslag in memorandum-formaat op.

1. Agtergrond

2. Doel van die verslag

3. Afgehandelde take

    3.1 Vergadering met werknemers van KVA

    3.2 Terugvoer van Coca-Cola as borg

4. Take wat tans aandag geniet

    4.1 Bemarking van die HALFPRYSDAG

    4.2 Beplanning vir ekstra dagwerkers vir die dag

Kopiereg voorbehou

5. Onafgehandelde take

   5.1 Verspreiding van strooibiljette

   5.2 Bevestiging van langer verkoopsure

6. Gevolgtrekking

INHOUD	UITLEG	TAAL/STYL
10	7	8

[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

BYLAE

PROJEK TEIKEN TB, MIV ONDER TIENERS OP KAAPSE VLAKTE

Die Wes-Kaapse gesondheidsdepartement het 'n skenking van R81-miljoen van die internasionale fonds vir die voorkoming van tuberkulose (TB) en MIV/Vigs ontvang wat sal help om duisende swanger tieners op die Kaapse Vlakte te behandel.

Tienerswangerskappe en MIV/Vigs-getalle styg jaarliks en nagenoeg 19% van die meisies wat klinieke besoek vir voorgeboortesorg word met óf MIV/Vigs óf TB gediagnoseer.

Om dié probleem te pak, het die provinsiale departement van gesondheid die WOMAN OF WORTH-projek begin.

'Die projek het jong vroue tussen die ouderdom van 19 en 24 in sy visier en is daarop gemik om MIV/Vigs en TB by swanger vroue te voorkom', aldus dr. Nomafrench Mbombo, Wes-Kaapse minister van gesondheid.

'Die projek gaan verder ook kyk na maatskaplike kwessies soos armoede, geslags-ongelykheid en swak onderwys'.

'MIV/Vigs is van die grootste siektes wat ons samelewing laat uitsterf. Dit lyk vir ons ook belangrik om antiretrovirale middels teen MIV/Vigs vir ons jongmense beskikbaar te stel. Die projek sal ook dien as motivering vir jong mense om na hulle gesondheid om te sien', aldus Mbombo.

Sy is positief dat die skenking ook die departement gaan help om sy ontwikkelingsplan uit te brei. Ten slotte sal die WOMAN of WORTH-projek enige skenking uit die privaat sektor waardeer.

Met erkenning aan *DIE BURGER* 2017 (Verkort en aangepas)

Kopiereg voorbehou